SENTRAAL-SUID
KOÖPERASIE • CO-OPERATIVE
BPK • LTD

***SSK**, 'n gevestigde en gediversifiseerde landbou- onderneming, met sy hoofkantoor in Swellendam (Wes Kaap), beskik tans oor die volgende vakature by hul Meganisasie tak te George.*

JUNIOR MEGANISASIE BEMARKER: GEORGE

Kandidate met geskikte persoonlikheidseienskappe en agtergrond sal vir die pos oorweeg word en vorige ondervinding in die bedryf is nie 'n vereiste nie (alhoewel dit ondersteunend sal wees). Die kandidaat sal onder mentorskap van 'n ervare Meganisasie Bemarker ontwikkel en opgelei word, en skakel met kliënte in hierdie bedieningsgebied.

Minimum vereistes behels onder meer 'n matriek kwalifikasie, goeie kommunikasie- en interpersoonlike vaardighede, 'n doelwit gedrewe en bemarkingsgeoriënteerde benadering asook die vermoë om gesonde sakeverhoudinge te bou. 'n Geldige Kode EB (Kode 08) bestuurderslisensie is 'n vereiste. Deurlopende produkopleiding sal voorsien word, maar enige toepaslike kennis ten opsigte van o.a. die New Holland/ Rovic Leers produkreeks sal u aansoek versterk.

Rig u aansoek met 'n dekbrief en bondige CV tesame met verwagte vergoeding en 'n kontaknommer, asook ten minste drie kontakbare referente aan: Die Menslike Hulpbronbestuurder, Posbus 12, Swellendam, 6740, om ons te bereik nie later as 31 Mei 2018. U kan dit ook faks na (028) 514 8656 vir aandag Mnr A Burger of e-pos aan: alwyn.burger@ssk.co.za.

Neem kennis dat, indien u geen terugvoering van die adverteerder binne een maand na sluitingsdatum ontvang het nie, u kan aanvaar dat u aansoek onsuksesvol was. SSK is 'n gelyke- geleenheid werkgewer.